Lenteweek vir Bejaardes weer vet pret en lekker lag

WOUTER PIENAAR

Die Lenteweek vir Bejaardes wat vanaf 26-29 September plaasgevind het, was 'n reusesukses waar bejaarde inwoners van vier tehuise hulself gate uit geniet het.

Op 26 September is die week met 'n heerlike pretloop deur die pragtige tuine van Huis Anna Viljoen begin voordat die bekende 'Amazing Race' op 27 Septemer by MHA Samuel Broadbent, soos gewoonlik 'n hoogtepunt was. 'n Kompeterende gees het geheers met die verskillende uitdagings wat tydens hierdie pretbelaaide dag gebeur het.

Die 'Amazing Race' deur die hele Samuel Broadbent-area was baie goed beplan. Bailliepark VLU het weggestap as die groep met die beste spangees. "Jare laas het ek as persoon so vinnig beweeg. Toe besef ek die ouderdom is net 'n getal," noem Driena Fourie, skakelbeampte van Bailliepark VLU.

Ons Hulde het die aksie met 'n boeresportdag op 28 September voortgesit. Die week is op 'n gepaste wyse by Groen Wilgers met 'n piekniek langs die Mooirivier afgesluit.

Volgens die bestuurder van Samuel Broadbent, Michael Sparks, het die bejaardes besef dat daar vir hulle baie geleenthede in die dorp is en dat die bejaarde gemeenskap baie groter is as wat hul aanvanklik gedink het.

"Die bejaardes het die aktiwiteite van elke tehuis geniet en net weer gesien dat jou goue jare lewenslustig en vreugdevol aangepak kan word. "Volgende jaar se tema is Lente Week en die beplanningskomitee wil 'n suskses daarvan maak. Ons hoop bejaardes sien uit na volgende jaar," noem Sparks.

Leonie Wright deel in Samuel Broadbent se 'Amazing Race' dag vreugde.

Dis lekker om te lag! Bejaardes geniet die prettige atmosfeer van die 2023 Lenteweek vir Bejaardes. Foto's: Lien Klokow Photography.